

KERKRAADBESLUIE OOR EREDIENSBYWONING BY DIE KERKGEBOU, TYDENS VLAK 3 VAN DIE INPERKING VAN RSA:

President Cyril Ramaphosa het op 26 Mei 2020 aangekondig dat kerklike en geestelike byeenkomste, soos eredienste (wat nie 50 persone mag oorskry nie), wel vanaf 1 Junie 2020 mag plaasvind. Dit is 'n verslapping van die oorspronklike regulasies dat kerke eers tydens vlak 1 sou kon bymekaar kom. Dit het gebeur nadat die regering in konsultasie was met die kerklike gemeenskap en dus sekere versoeke oorweeg het.

Elke kerk en gemeente het egter steeds die keuse om hulle eie besluite rakende byeenkomste te neem, met 'n versoek dat dit verantwoordelik oorweeg moet word met inagneming van die huidige risiko's van die Covid-virus, wat tans steeds daaglik verhoog.

Die Kerkraad (KR) van WPR se Dagbestuur (DB) het Vrydag 29 Mei 2020 aanlyn vergader om hierdie sake te bespreek en aanbevelings aan die KR te maak. Die aanbevelings van die DB aan die KR is so aanvaar en hier volg 'n opsomming daarvan:

- a) Daar is besluit om **nie** nou al die eredienste by die kerkgebou oop te stel aan die lidmate om dit by te woon nie. (Hierdie besluit geld ook vir ander byeenkomste.)
- b) Die eredienste sal steeds op verskeie internetgebaseerde platforms gebeeldsind word, maar dit sal nou lewendig vanaf die kerkgebou gedoen word. Daar sal steeds **slegs een** erediens op Sondagoggende om 08h30 wees. (Die gemeente se "Facebook"- blaaie sal dus nog die primêre uitsender-platform bly, met opnames daarvan daarna beskikbaar op die gemeente se webblad en die "YouTube" platform.)
- c) Die sang- en musiekstyle sal deur die predikante bepaal word vir elke erediens, met die aanbeveling dat dit afgewissel en selfs gekombineer mag word.
- d) Die Diakonie, saam met die Digitale bediening en die Kerkkantoor, is getaak om 'n ondersoek te doen om te bepaal of daar lidmate is wat nie tans die vermoë het om die eredienste op hierdie metodes te kan volg nie en hulle daarmee te help en ondersteun.
- e) Alle regulasies en maatreëls soos deur die regering bepaal is vir kerke in hierdie tyd, sal nagekom word, om die veiligheid van almal wat betrokke gaan wees by die uitsaai van die eredienste, te verseker.

Al hierdie besluite is deeglik oordink/oorweeg met inagneming dat die huidige risiko van hierdie pandemie in die land tans nog hoog is en nog nie begin afplat nie. Ons handel dus so uit liefde en omgee vir medelidmate om die saak verantwoordelik te bestuur en ons mense nie onnodiglik aan die risiko's daarvan bloot te stel nie.

Die ander twee funksies wat reeds in plek was en tans so toegelaat word, is:

- 1) Dat die Uitreikbediening, Diakonie en Barmhartigheidsbediening mag voortgaan met al die inisiatiewe en huidige aksies wat al geloods is, as gemeenskaps-ondersteuningsprojekte.
- 2) Dat die predikante nou baie meer kontak mag maak en besoek mag bring aan die lidmate wat tans ondersteuning benodig.

Bly veilig en pas julle self op.

Van die Kerkraad